**Donderdag 9 Junie**

**Skrifgedeelte: Lukas 1:26-38; HK Sondag 14, Antwoord 35**
**Fokusgedeelte: Lukas 1:38**

## Uit die maagd Maria

Die afwysing van die Rooms-Katolieke Kerk se verering van Maria het by sommige Christene in reformatoriese kerke die gevolg dat daar nie voldoende aandag gegee word aan die openbaring van God oor Maria in sy Woord nie. Dit is jammer, want dit wat van haar gesê word, is ook vir ons vandag van groot belang. Nadat die engel aan haar gesê het wat met haar gaan gebeur en dat niks vir God onmoontlik is nie, was haar antwoord: "*Ek is tot beskikking van die Here. Laat met my gebeur wat u gesê het*" (Luk. 1:38). Van Maria, wat op hierdie stadium vermoedelik ongeveer 16 jaar oud was, is onder hierdie omstandighede baie gevra, maar veral geloof en selfverloëning.

1 *Geloof*. Sy moes glo wat die engel aan haar gesê het. Watter geweldige dinge was dit nie! •Sy moes glo dat deur 'n wonder van God, sonder die toedoen van 'n man, 'n Kind in haar verwek en uit haar gebore sal word. •Sy moes glo dat die Kind heilig en sonder sonde sou wees. •Sy moes glo dat die Kind die Seun van God en die Verlosser van sondes en daarom die ware Messias sou wees. •Sy moes glo dat uit haar, 'n meisie sonder aansien, 'n Kind gebore sal word wat 'n Koning sal wees aan Wie se heerskappy daar geen einde sal wees nie. Weinig het God van sy kinders soveel geloof gevra as van Maria. God, vir Wie niks egter onmoontlik is nie (vs 37) het haar geloof só versterk dat sy van harte al die dinge geglo het wat die engel aan haar gesê het. Daarom kon sy die engel antwoord: "*Laat met my gebeur wat u gesê het*." So was sy 'n geloofsheldin (vgl. Heb. 11).

2. *Selfverloëning*. God het nie net van Maria geloof gevra nie, maar ook 'n groot mate van selfverloëning. •Sy sou immers geweet het dat niemand, behalwe Sagaria en Elisabet, sal glo dat die Kind in haar deur die Heilige Gees verwek is nie. •Haar familie en kennisse sal haar verdink en beskuldig van ontug. •Sy loop ook 'n groot risiko dat Josef haar van ontrou sal verdink en van haar sal skei. Werklik, dit sou nie vreemd gewees het as Maria haar vroue-eer in ag geneem het en teruggedeins het nie. Sy doen dit egter nie, maar verklaar dat sy ten volle bereid is om haarself geheel en al te gee vir die taak en roeping wat die Here op haar gelê het.

Wat God van Maria gevra het, vra Hy ook van ons. Ons moet werklik *glo* dat Jesus Christus ons volkome Saligmaker is wat ons gered het deur vir al ons sondes ten volle te betaal. Ons moet egter ook *onsself verloën*, ons eie wil en gedagtes opsyskuif en vra: Here, wat wil U hê moet ek doen?